

Moet kinders van entrepreneurskap leer?

Thobile Radebe*

Entrepreneurskap word wêreldwyd as 'n oplossing vir vele sosio-ekonomiese kwessies soos armoede, werkloosheid en ongelykheid én as 'n sleutel tot sterker nasionale ekonomieë beskou. Nietemin kan ons nie ontken dat entrepreneurskap ook uitdagings inhou nie. In Suid-Afrika is die persentasie entrepreneurs nog maar bitter klein, en heelwat kleinsake misluk. Hoe berei ons mense vir die uitdagings van entrepreneurskap voor?

Die regering en beleidmakers het al sekere maatreëls ingestel om die ekosisteem vir sakeontwikkeling onder entrepreneurs te verbeter. Dié ekosisteem verwys na die algehele omgewing en sluit verskeie onderling verwante faktore in wat entrepreneurskapsontwikkeling ondersteun. Tog is die Suid-Afrikaanse omgewing steeds nie juis bevorderlik vir florerende sake nie.

Ondanks sakeondersteuning – soos regeringsprogramme, inkubators, versnellers, en instansies vir entrepreneurskapsopleiding – hou die mislukkingskoers aan styg: Hoewel ál hoe meer nuwe ondernemings tot stand gebring word, is dit steeds minder as die getal wat jaarliks hulle deure sluit. Dít voorspel niks goeds vir die toekoms indien entrepreneurskap 'n oplossing moet wees vir die hoë werkloosheidsyfer, ongelykheid en armoede in Suid-Afrika nie.

Entrepreneurskap kan weliswaar 'n doeltreffende instrument wees om ekonomiese ontwikkeling 'n hupstoot te gee, mits die nodige vaardighede aangeleer en doeltreffend toegepas word. Navorsing toon dat entrepreneurskapsopleiding uiters belangrik is om 'n entrepreneursingesteldheid en -kultuur te kweek en die nodige vaardighede te bied om sukses te behaal in die immer veranderende en ontegemoetkomende sakeomgewing.

Die deursnee-opleiding vir entrepreneurs is egter swak ontwikkel en uit pas met wat die mark vereis. Dít laat ontstaan die vraag: Hoe kan ons die doeltreffendheid van entrepreneurskapsopleiding verhoog om sosio-ekonomiese kwessies die hoof te bied? En op watter ouderdom behoort hierdie tipe opleiding te begin?

Volgens navorsing is dit belangrik om individue van jongs af in entrepreneurskap touwys te maak. Dít lê 'n stewige grondslag om 'n entrepreneursingesteldheid en -kultuur te bou wat bedryfsprestasie verhoog. Nogtans is opleidingsinstellings geneig om werksoekers eerder as werkskeppers op te lewer. Wat nodig is, is entrepreneurskapsopvoeding in skole, maar veral ook in die samelewing in die algemeen. Te veel lede van die samelewing glo dat om suksesvol te wees, iemand anders vir jou werk moet gee.

Om individue op 'n jong ouderdom met die nodige vaardighede vir sakeontwikkeling toe te rus is van die allergrootste belang, veral in die lig van die huidige omstandighede in ons land. Wat kinders kleintyd leer, bly hulle immers lewenslank by en word nie sommer verleer nie.

Daar is 'n Zulu-gesegde wat lui 'lugotshwa lusemanzi'. Afrikaanssprekendes ken dit as 'buig die boompie terwyl hy nog jonk is' – met ander woorde, leer kinders die regte dinge terwyl hulle nog klein is. As kinders van jongs af van entrepreneurskap leer, sal dít hulle help toerus om vinnig nuwe vaardighede aan te leer en by nuwe omgewings aan te pas. Om die huidige stand van sake in die Suid-Afrikaanse ekonomie te verbeter verg mense met entrepreneursdenke, selfs al word hulle nie entrepreneurs nie. Werknemers met 'n entrepreneursingesteldheid is 'n aanwinst vir hulle organisasies, want hulle bied die kreatiwiteit wat nodig is om bedryfsprestasie te verhoog.

Skoolonderwys is nie genoeg nie. Trouens, 'n kind met slegs 'n skoolopvoeding is net halfpad opgevoed. Dit is nie net die skool se verantwoordelikheid om kinders van entrepreneurskap te leer nie, maar ook die plig van die samelewing, wat 'n ewe groot rol in kinders se ontwikkeling speel. Die samelewing behoort dus jong individue aan te spoor om gereed te wees met oplossings vir probleme, om sakegerig te wees, en om 'n entrepreneurskultuur te bou wat hulle eie ontwikkeling én ekonomiese groei kan aanmoedig.

Dít stel individue in staat om daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar om die land te verbeter deur iets waardevols vir die ekonomie te skep. Sodoende verskuif norme weg van afhanklikheid, wat geslags- en onderwysongelykhede verdiep, en word mense werkskeppers eerder as werksoekers.

Een van die redes waarom entrepreneurskap dikwels nie aangemoedig word nie, is vrees vir mislukking, want daar is heelwat onsekerhede aan verbonde. Tog is dit noodsaaklik dat jongmense leer dat 'n mens maar mag misluk, solank jy daaruit leer en wéér probeer totdat jy sukses behaal. Dit leer hulle om veerkragtig te wees, en dat selfs al verloop dinge nie volgens plan nie, dit moontlik is om weer op te staan ná terugslae – 'n noodsaaklike les vir die lewe én sakeontwikkeling.

Kom ons leer ons kinders om van jongs af soos entrepreneurs te dink en op te tree. Vergeet van 'dit is nooit te laat nie'. Dit is eerder nooit te vróég om entrepreneurs te begin kweek en 'n beter toekoms te skep nie.

***Thobile Radebe is 'n dosent in Strategiese Bestuur by die Stellenbosch Bestuurskool.**